(b) The farm Klipfontein 344 HO, District of Bloemhof.

No. 229 13 February 1970

PRESCRIBED AREA.—TERRITORIAL WATERS OF CLANWILLIAM

I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, do hereby declare on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by section 9 *bis* (1) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), and after consultation with the Divisional Council of Clanwilliam, that, with effect from the first day of the month following that in which publication hereof takes place, the territorial waters adjoining the area under the jurisdiction of the Divisional Council of Clanwilliam shall be a prescribed area for the purposes of the Bantu (Urban Area) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964), and the regulations made thereunder:

I further declare that with effect from the said date the Divisional Council of Clanwilliam shall have jurisdiction in the said prescribed area for the purposes of the administration of the said Acts and regulations.

P. G. J. KOORNHOF, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 224 13 Februarie 1970

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B117

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel *eenhonderd en dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 224 13 February 1970

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B117

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:

| | *Publikasie/Publication* | *Deur/By* |
|---|---|---|
| 1. | *Believed Violent* | James Hadley Chase. |
| 2. | *Der Spiegel*, No. 50, 8 December 1969, gepubliseer deur/published by Spiegel-Verlag, Rudolf Augstein KG., Hamburg | — |
| 3. | *Diary of a Drop-Out* | Sydney Box. |
| 4. | *Family, The* | Leslie Waller. |
| 5. | *How Young They Died* | Stuart Cloete. |
| 6. | *Konkret*, No. 22, 16 October 1969, gepubliseer deur/published by Klaus Rainer Rohl Verlag G.m.b.H. & Co., Hamburg | — |
| 7. | *Konkret*, No. 23, 30 October 1969, gepubliseer deur/published by Klaus Rainer Rohl Verlag G.m.b.H. & Co., Hamburg | — |
| 8. | *Love-Germ, The* | Jill Neville. |
| 9. | *Malediction, The* | Julian Claman. |
| 10. | *Midpoint and other Poems* | John Updike. |
| 11. | *Monotonous Landscape, A, (Dust Cover only/Slegs die Stofomslag)* | Günter Herburger. |
| 12. | *Mortgaged Venus, The* | Aethur Ramsey. |
| 13. | *Muscavado* | Eleanor Heckert. |
| 14. | *Naked Came the Stranger* | Penelope Ashe. |
| 15. | *Percy* | Raymond Hitchock. |
| 16. | *Segregation in South Africa*—Questions and Answers on the policy of Apartheid, gepubliseer deur/published by The United Nations Office of Public Information, New York. | — |
| 17. | *Siege* | Edwin Corley. |
| 18. | *Stern Wiener Illustrierte*, No. 52, 21 December 1969, gepubliseer deur/published by Gruner & Jahr Verlagsgesellschaft m.b., Parkring | — |
| 19. | *Stern Wiener Illustrierte*, No. 1/2, 28, December, 1969, gepubliseer deur/published by Gruner & Jahr Verlagsgesellschaft m.b., Parkring | — |
| 20. | *Trespass* | Fletcher Knebel. |
| 21. | *White Girl, Brown Skin* | Nourma Abbotsmith. |

J. J. KRUGER, Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

J. J. KRUGER, Chairman, Publications Control Board.

No. 225 13 Februarie 1970

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A123.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasie en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

| *Publikasie/Publication* | *Deur/By* |
|---|---|
| 1. *Animals*... | Laura Del-Rivo. |
| 2. *As the Crow Flies*, Mayflower book, No. 583/11624/8 (*Slegs die omslag/Cover only*)... | Peter de Polnay. |
| 3. *Blaze of Summer, A*, Sphere book, No. 59579 (*Slegs die omslag/Cover only*)... | Henry McSorley. |
| 4. *Gek*, Vol. 5, No. 10, 1969 (Binnelandse tydskrif/Interior magazine)... | — |
| 5. *Grammofoonplaat/Gramophone record*: "*Je and Aeme*", Philips record, No. T.O.F. 613, uitgegee deur/distributed by B.I.E.M. | — |
| 6. *Honey*, No. 116, November 1969, gepubliseer deur/published by IPC Magazines, London | — |
| 7. *Jenny Abroad*... | Sandy Lesberg. |
| 8. *Room in Chelsea Square, A*... | Anonymous. |
| 9. *Satan's Disciples*... | Robert Goldston. |
| 10. *Sex Manners for Single Girls*... | Dr. Georges Valensin. |

J. J. KRUGER, Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 225 13 February 1970

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A123

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

| *Publikasie/Publication* | *Deur/By* |
|---|---|
| 1. *Animals*... | Laura Del-Rivo. |
| 2. *As the Crow Flies*, Mayflower book, No. 583/11624/8 (*Slegs die omslag/Cover only*)... | Peter de Polnay. |
| 3. *Blaze of Summer, A*, Sphere book, No. 59579 (*Slegs die omslag/Cover only*)... | Henry McSorley. |
| 4. *Gek*, Vol. 5, No. 10, 1969 (Binnelandse tydskrif/Interior magazine)... | — |
| 5. *Grammofoonplaat/Gramophone record*: "*Je and Aeme*", Philips record, No. T.O.F. 613, uitgegee deur/distributed by B.I.E.M. | — |
| 6. *Honey*, No. 116, November 1969, gepubliseer deur/published by IPC Magazines, London | — |
| 7. *Jenny Abroad*... | Sandy Lesberg. |
| 8. *Room in Chelsea Square, A*... | Anonymous. |
| 9. *Satan's Disciples*... | Robert Goldston. |
| 10. *Sex Manners for Single Girls*... | Dr. Georges Valensin. |

J. J. KRUGER, Chairman, Publications Control Board.

No. 226 13 Februarie 1970

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS C76

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (b) van artikel *eenhonderd en dertien* van die Doeanewet 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:

1. *Nylon Delights*—Uitgewers/Publishers: The Liverpolitan Ltd., Birkenhead, Cheshire. *Alle uitgawes/All editions.*
2. *Roman Holiday*—Uitgewers/Publishers: The Liverpolitan Ltd., Birkenhead, Cheshire. *Alle uitgawes/All editions.*
3. *True Detective*, Vol. 81, No. 2, May 1964. *En alle daaropvolgende uitgawes/And all ensuing editions.*
4. *True Detective Cases from Police Files*, Fol. 10, 10, No. 5, August 1964, *En alle daaropvolgende uitgawes/And all ensuing editions.*

J. J. KRUGER, Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 226 13 February 1970

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST C76

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by sub-section (3) (b) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:

1. *Nylon Delights*—Uitgewers/Publishers: The Liverpolitan Ltd., Birkenhead, Cheshire. *Alle uitgawes/All editions.*
2. *Roman Holiday*—Uitgewers/Publishers: The Liverpolitan Ltd., Birkenhead, Cheshire. *Alle uitgawes/All editions.*
3. *True Detective*, Vol. 81, No. 2, May 1964. *En alle daaropvolgende uitgawes/And all ensuing editions.*
4. *True Detective Cases from Police Files*, Fol. 10, 10, No. 5, August 1964, *En alle daaropvolgende uitgawes/And all ensuing editions.*

J. J. KRUGER, Chairman, Publications Control Board.
13-20

No. 233 13 Februarie 1970

VERBETERINGSKENNISGEWING

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE: LYS B116

In *Staatskoerant* 2606, op bladsy 10, in Goewermentskennisgewing 116, moet item 1 Ada Vladimir Nabokov lees.

No. 233 13 February 1970

CORRECTION NOTICE

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS: LIST B116

In *Government Gazette* 2606, on page 10 in Government Notice 116, item 1 should read: Ada Vladimir Nabokov.

No. 234 13 Februarie 1970

VERBETERINGSKENNISGEWING

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE: LYS A121

In *Staatskoerant* 2590, op bladsy 4 in Goewermentskennisgewing 3991, moet item 2 Freedom of the Cage, The ... ... ... ... ...David Lytton, lees.

No. 234 13 February 1970

CORRECTION NOTICE

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS: LIST A121

In *Government Gazette* 2590, on page 4 in Government Notice 3991, item 2 should read: Freedom of the Cage, The ... ... ... ... ... ... David Lytton.

No. 235 13 Februarie 1970

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—MKHIZE IN NORRIS

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), James Mkhize, woonagtig te Wigginsweg 143, Mayville, Durban, te magtig om die van Norris aan te neem.

No. 236 13 Februarie 1970

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—HENNING IN HENNING MEIRING

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Jose Juan Henning, woonagtig te Sherwellstraat 63, Doornfontein, Johannesburg, te magtig om die van Henning Meiring aan te neem.

No. 237 13 Februarie 1970

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—KATZENELLENBOGEN-LUDWIN IN LUDWIN

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Samuel Katzenellenbogen-Ludwin en sy eggenote, Vivien Rose Katzenellenbogen-Ludwin (gebore Metz), woonagtig te Marlene Mansions 121, Tudhopelaan, Berea, Johannesburg, te magtig om die van Ludwin aan te neem.

No. 238 13 Februarie 1970

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937— BRUCE IN BOTHA

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), John Michael Bruce, sy eggenote, Patricia Ann Bruce (gebore Louw), en hul minderjarige kind, Charmaine Anne Bruce, woonagtig te Ou-Mutual-woonstelle 5, Kerkstraat, Robertson, te magtig om die van Botha aan te neem.

No. 239 13 Februarie 1970

BENOEMING VAN 'N SENATOR

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subparagraaf 3 van artikel *nege-en-twintig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), Sy Edele Dirk Cornelis Hermanus Uys, uit die provinsie Kaap die Goeie Hoop, met ingang van 28 Januarie 1970 tot 5 Desember 1970, tot 'n Senator te benoem, in die plek van wyle Senator sy Edele P. J. van Nierop, op grond van sy kennis van sake rakende die verskillende belange van die inwoners van die Republiek en sy grondige kennis, uit hoofde van amptelike ondervinding of andersins, van die belange van die Kleurlingbevolking in die provinsie Kaap die Goeie Hoop en om as 'n kanaal te dien waardeur die belange van bedoelde Kleurlingbevolking bevorder kan word.

No. 235 13 February 1970

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—MKHIZE TO NORRIS

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise James Mkhize, residing at 143 Wiggins Road, Mayville, Durban, to assume the surname of Norris.

No. 236 13 February 1970

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—HENNING TO HENNING MEIRING

The State President has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Jose Juan Henning, residing at 63 Sherwell Street, Doornfontein, Johannesburg, to assume the surname of Henning Meiring.

No. 237 13 February 1970

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—KATZENELLENBOGEN-LUDWIN TO LUDWIN

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Samuel Katzenellenbogen-Ludwin and his wife, Vivien Rose Katzenellenbogen-Ludwin (born Metz), residing at 121 Marlene Mansions, Tudhope Avenue, Berea, Johannesburg, to assume the surname of Ludwin.

No. 238 13 February 1970

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—BRUCE TO BOTHA

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise John Michael Bruce, his wife, Patricia Ann Bruce (born Louw), and their minor child, Charmaine Anne Bruce, residing at Old Mutual Flats 5, Church Street, Robertson, to assume the surname of Botha.

No. 239 13 February 1970

NOMINATION OF A SENATOR

The State President has been pleased by virtue of the powers vested in him by subsection 3 of section *twenty-nine* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), to nominate the Honourable Dirk Cornelis Hermanus Uys, from the Province of the Cape of Good Hope, as a Senator with effect from 28 January 1970, until 5 December 1970, in place of the late Senator the Honourable P. J. van Nierop, on the grounds of his knowledge of matters affecting the various interests of the inhabitants of the Republic and his thorough acquaintance, by reason of official experience or otherwise, with the interests of the Coloured population in the Province of the Cape of Good Hope, and to serve as a channel through which the interests of the said Coloured population may be promoted.

## DEPARTEMENT VAN BOSBOU

No. 223 13 Februarie 1970

### ONTTREKKING VAN SEKERE GEDEELTES VAN STAATSBOSGROND AAN DEMARKERING

Ooreenkomstig die besluit geneem deur beide Huise van die Parlement gedurende die sitting van 1962 (Volksraad, 6 Junie 1962; Senaat, 12 Junie 1962), kragtens artikel 8 van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), word die gedeeltes van die gedemarkeerde Staatsbosgrond in die Bylae hiervan gemeld, hierby aan demarkering onttrek.

## DEPARTMENT OF FORESTRY

No. 223 13 February 1970

### WITHDRAWAL OF CERTAIN PORTIONS OF STATE FOREST LAND FROM DEMARCATION

In accordance with the resolution adopted by both Houses of Parliament during the 1962 Session (Assembly, 6 June 1962; Senate, 12 June 1962), in terms of section 8 of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), the portions of the demarcated State forest land referred to in the Schedule hereto are hereby withdrawn from demarcation.

BYLAE

| Afdeling | Beskrywing van grond | Grootte Hektaar | Gedemarkeer by Goewerments-kennisgewing |
|---|---|---|---|
| Knysna..... | Gedeelte van Blaauwkrans, samestellende gedeelte 3 van Bloukrans-bosreservaat 204 | 110·4070 | 116/1902 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van Langebosch, samestellende gedeelte 6 van Blueliliesbush-bosreservaat 205 | 13·7045 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van Koomans Bosch, samestellende gedeelte 7 van Blueliliesbush-bosreservaat 205 | 89·0836 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van kusbosse wes van Perseel 52 en suid van Persele 46–49 en 52–55, samestellende gedeelte 8 van Blueliliesbush-bosreservaat 205 | 171·7275 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van kusbosse suid van Perseel 40, samestellende gedeelte 9 van Blueliliesbush-bosreservaat 205 | 61·6717 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van Lottering-kusbos, samestellende gedeelte 2 van Lottering-bosreservaat 222 | 264·5614 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van Stormsrivier-kusbosse, samestellende gedeelte 2 van Stormsrivier-bosreservaat 225 | 66·9651 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van Witte Els Bosch, samestellende gedeelte 1 van Witelsbos-bosreservaat 227 | 33·8587 | 2217/1929 |
| Humansdorp..... | Gedeelte van kusstrook suid van Persele 117 en 121–128, samestellende gedeelte 4 van Witelsbos-bosreservaat 227 | 313·9375 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Staatsgrond tussen Perseel 118 en die Indiese Oseaan, samestellende gedeelte 11 van Witelsbos-bosreservaat 227 | 8·5653 | 45/1949 |

SCHEDULE

| Division | Description of land | Area Hectares | Demarcated by Government Notice |
|---|---|---|---|
| Knysna..... | Portion of Blaauwkrans, component 3 of Bloukrans Forest Reserve 204..... | 110·4070 | 116/1902 |
| Humansdorp..... | Portion of Langebosch, component 6 of Blueliliesbush Forest Reserve 205..... | 13·7045 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of Koomans Bosch, component 7 of Blueliliesbush Forest Reserve 205.. | 89·0836 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of the coastal forests west of Lot 52 and south of Lots 46–49 and 52–55, component 8 of Blueliliesbush Forest Reserve 205 | 171·7275 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of coastal forests south of Lot 40, component 9 of Blueliliesbush Forest Reserve 205 | 61·6717 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of Lottering coastal forest, component 2 of Lottering Forest Reserve 222 | 264·5614 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of Stormsrivier coastal forests, component 2 of Stormsrivier Forest Reserve 225 | 66·9651 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | Portion of Witte Els Bosch, component 1 of Witelsbos Forest Reserve 227..... | 33·8587 | 2217/1929 |
| Humansdorp..... | Portion of coastal strip south of Lots 117 and 121–128, component 4 of Witelsbos Forest Reserve 227 | 313·9375 | 1354/1925 |
| Humansdorp..... | State land between Lot 118 and the Indian Ocean, component 11 of Witelsbos Forest Reserve 227 | 8·5653 | 45/1949 |

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 199 13 Februarie 1970

### TENDERS VIR VYFJAAROBLIGASIES VIR NIE-INWONERS

Tenders sal om 11-uur vm. op 2 Maart 1970 sluit vir Vyfjaarobligasies vir Nie-inwoners, ter waarde van ongeveer R1,000,000 (eenmiljoen rand) teen 'n minimum prys van R85% (vyf-en-tagtig rand persent) op die terme en voorwaardes soos neergelê in die prospektus gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika sowel as die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. 199 13 February 1970

### TENDERS FOR FIVE YEAR NON-RESIDENT BONDS

Tenders will close at 11 a.m. on 2 March 1970, for Five Year Non-Resident Bonds, to the value of approximately R1,000,000 (one million rand) at a minimum price of R85% (eighty-five rand per cent), on the terms and conditions stipulated in the Prospectus dated 1 July 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South-West Africa as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 232 13 Februarie 1970

TOEVOEGING AAN DIE LYS WAARUIT DIE EERSTE BYLAE TOT DIE SLUMSWET, 1934 (WET 53 VAN 1934), BESTAAN

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (3) van die Slumswet, 1934 (Wet 53 van 1934), goedgekeur het dat die dorp Port Alfred vanaf die datum van publikasie hiervan aan die lys waaruit die Eerste Bylae tot genoemde Wet bestaan, toegevoeg word.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 202 13 Februarie 1970

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—WYSIGING VAN DIE REGULASIES—KAAS

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 42 en 43 van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet 13 van 1929), voornemens is om die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing 575 van 28 Maart 1930, soos van tyd tot tyd gewysig, te wysig deur—

(i) regulasie 10 deur die volgende te vervang:

*"Kaas*

10. (1) Kaas is die produk verkry deur gestremde melk, afgeroomde melk, room of 'n mengsel van twee of meer van genoemde stowwe te dreineer, met of sonder die byvoeging van spesiale skimmels, kruie, speserye, natrium- en/of kalsiumchloried, salpeter of veroorloofde kleurstof. Dit mag geen vreemde vet of bederfwerende middels bevat nie.

(2) Proseskaas of kaassmeer is die produk verkry deur die opsmelt en emulgeer tot 'n homogene plastiese massa van hoeveelhede van een of meer soorte of grade kaas, met of sonder een of meer gesonde voedingsmiddels wat geskik is vir vermenging met kaas.

Sodanige voedingsmiddels mag nie 50 persent van die produk oorskry nie en die name daarvan moet in die naam van die produk opgeneem word. Daarbenewens kan speserye, kruie, onskadelike smaakgewende stowwe, veroorloofde kleurstowwe en onskadelike emulgeermiddels bygevoeg word. Die aanwesigheid van bygevoegde smaakgewende stowwe moet in drukletter H op die opskrif aangedui word.

(3) Sagtekaas is die produk verkry deur gestremde melk, room, afgeroomde melk of 'n mengsel van twee of meer van genoemde produkte te dreineer. Sodanige kaas word gewoonlik in 'n vars toestand sonder ryping verbruik. Dit mag geen vreemde vet bevat nie maar kan speserye en/of onskadelike smaakgewende stowwe bevat. Die aanwesigheid van bygevoegde smaakgewende stowwe moet in drukletter H op die opskrif aangedui word.

(a) Roomkaas is sagtekaas wat minstens 60 persent melkvet in die droë materie en minstens 35 persent totale vaste stowwe bevat.

(b) Neufchâtel-kaas is sagtekaas wat minstens 40 persent melkvet in die droë materie en minstens 25 persent totale vaste stowwe bevat. Dit kan ook "volroomkaas", "volvetkaas" of "volmelkkaas" genoem word.

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 232 13 February 1970

ADDITION TO THE LIST OF WHICH THE FIRST SCHEDULE TO THE SLUMS ACT, 1934 (ACT 53 OF 1934), CONSISTS

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, under the powers vested in him by section 1 (3) of the Slums Act, 1934 (Act 53 of 1934) has approved that the Town of Port Alfred as from date of publication hereof be added to the list of which the First Schedule to the said Act consists.

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. 202 13 February 1970

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—AMENDMENT OF THE REGULATIONS—CHEESE

It is hereby notified for general information that the Minister of Health, in terms of the powers conferred upon him by sections 42 and 43 of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act 13 of 1929), intends amending the regulations published under Government Notice No. 575 dated 28 March 1930, as amended from time to time, by—

(i) the substitution for regulation 10 of the following:

*"Cheese*

10. (1) Cheese shall be the product obtained by draining coagulated milk, skim milk, cream or a mixture of two or more of these substances, with or without the addition of special moulds, herbs, spices, sodium and/or calcium chloride, saltpetre or permitted colouring matter. It shall contain no foreign fat or preservatives.

(2) Processed cheese or cheese spread shall be the product obtained through the melting and emulsification to a homogeneous plastic mass of quantities of one or more varieties or grades of cheese, with or without one or more wholesome articles of food which are suitable for mixing with cheese.

Such articles of food shall not constitute more than 50 per cent of the product and their names shall be incorporated in the name of the product. In addition, spices, herbs, harmless flavouring substances, permitted colouring matter and harmless emulsifiers may be added. The presence of added flavouring substances shall be indicated on the label in type H.

(3) Soft cheese shall be the product obtained by draining coagulated milk, cream, skim milk or a mixture of two or more of the said products. Such cheese is normally consumed in a fresh state without ripening. It shall not contain any foreign fat but may contain spices and/or harmless flavouring substances. The presence of added flavouring substances shall be indicated on the label in type H.

(a) Cream cheese shall be soft cheese which contains not less than 60 per cent of milk fat in the dry matter and not less than 35 per cent of total solids.

(b) Neufchâtel cheese shall be soft cheese which contains not less than 40 per cent of milk fat in the dry matter and not less than 25 per cent of total solids. It may also be designated as "full cream", "full fat" or "whole milk" cheese.

(c) Dikmelkkaas of Quarg is sagtekaas wat minstens 20 persent totale vaste stowwe bevat.

(d) Dikmelkkaas of Quarg met bygevoegde room moet, indien dit minder as 40 persent melkvet in die droë materie bevat, 'n opskrif hê waarop die melkvetinhoud uitgedruk as 'n persentasie van die droëstof in drukletter G verskyn.

(4) Die droë materie- en melkvetinhoud van kaas, uitgesonderd sagtekaas, moet ingevolge hierdie Wet wees soos gespesifiseer in die regulasies kragtens die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961 (Wet 30 van 1961), of enige wysiging daarvan.";

(ii) regulasie 9 (1) deur die volgende te vervang:

"9. Die standaard vir die samestelling van botter, ghee (botterolie en droë bottervet) en margarien en die etikettering van margarien moet ingevolge hierdie Wet wees soos gespesifiseer in die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961 (Wet 30 van 1961), of enige wysiging daarvan.

Ghee moet ook aan die volgende analitiese standaard voldoen: Minimum Reichert-Meissl-waarde 24.";

(iii) regulasie 9 (2) en (3) te skrap; en

(iv) regulasie 8 deur die volgende te vervang:

"Room moet minstens 20 persent melkvet bevat tensy dit vir vervaardigingsdoeleindes verkoop word op grondslag van sy melkvetgehalte. Dit moet vry wees van bederfwerende middels of ander vreemde stowwe."

Belanghebbende persone of liggame word versoek om binne drie maande na die datum hiervan gemotiveerde kritiek op hierdie konsepwysigings van die regulasies by die Sekretaris van Gesondheid, Privaatsak 88, Pretoria, in te dien.

---

No. 207 13 Februarie 1970

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE, UPINGTON

Die Minister van Gesondheid wysig hierby kragtens artikel 43 (2) van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet 13 van 1929), en op versoek van die munisipaliteit Upington kragtens artikel 2 (3) van genoemde Wet, Goewermentskennisgewing 666 van 11 April 1930 deur onderstaande by die lys van plaaslike owerhede wat by genoemde kennisgewing gepubliseer is, te voeg:

*Naam van plaaslike owerheid.*—Munisipaliteit Upington.

*Getal monsters.*—34.

---

## DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE

No. 196 13 Februarie 1970

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARIGHEID

Kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die ou woonhuis en die dorsvloer op die plaas Hebron in die distrik Colesberg tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

(a) Die ou gedeelte van die oorspronklike woonhuis en stoep met 'n ruimte van vyf voet grond daarom, maar met uitsluiting van die motorhuis wat later aangebou is; en

(c) Cottage cheese of Quarg shall be soft cheese which contains not less than 20 per cent of total solids.

(d) Cottage cheese or Quarg with added cream shall, if it contains less than 40 per cent of milk fat in the dry matter, bear a label on which the milk-fat content expressed as a percentage of the dry matter is indicated in type G.

(4) The dry matter and milk-fat content of cheese, except soft cheese, shall in terms of this Act be as specified in the regulations under the Dairy Industry Act, 1961 (Act 30 of 1961), or any amendment thereof.";

(ii) the substitution for regulation 9 (1) of the following:

"9. The standard of composition for butter, ghee (butter oil and dry butter fat) and margarine and the labelling of margarine under this Act shall be as specified in the Dairy Industry Act, 1961 (Act 30 of 1961), or any amendment thereof.

Ghee shall also comply with the following analytical standard: Minimum Reichert-Meissl value 24.";

(iii) the deletion of regulation 9 (2) and (3); and

(iv) the substitution for regulation 8 of the following:

"Cream shall contain not less than 20 per cent of milk fat unless it is sold for manufacturing purposes on the basis of its milk-fat content. It shall be free preservatives or other foreign substances."

Interested persons or bodies are invited to submit substantiated criticism of these draft amendments of the regulations within three months of the date hereof to the Secretary for Health, Private Bag 88, Pretoria.

---

No. 207 13 February 1970

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES, UPINGTON

The Minister of Health, in terms of section 43 (2) of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act 13 of 1929), and at the request of the Municipality of Upington under section 2 (3) of the said Act, hereby amends Government Notice 666 dated 11 April 1930 by the addition of the following to the list of local authorities published thereunder:

*Name of local authority.*—Municipality of Upington.

*Number of samples.*—34.

---

## DEPARTMENT OF CULTURAL AFFAIRS

No. 196 13 February 1970

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

Under section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the old dwelling-house and the threshing floor on the farm Hebron in the District of Colesberg to be a national monument.

*Description*

(a) The old part of the original dwelling-house and stoep, with a space of five feet round it, but excluding the garage which was added later; and

(b) 'n stuk grond, ongeveer 70 voet vierkant, met inbegrip van 'n historiese dorsvloer, ongeveer 100 voet suid van die ou woonhuis af;

beide geleë op die plaas Hebron, Vol. 1.12, distrik Colesberg, Kaapprovinsie.

*Historiese Belang*

Hebron is een van die oudste plase in die omgewing. Die ou huis is 'n besondere voorbeeld van die volksargitektuur en die dorsvloer is 'n interessante oorblyfsel uit sy tyd.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

(b) a piece of land, approximately 70 feet square, which includes a historical threshing floor, about 100 feet south of the dwelling-house,

both situate on the farm Hebron, Vol. 1.12, District of Colesberg, Cape Province.

*Historical Interest*

Hebron is one of the oldest farms in the area. The old house is an outstanding example of vernacular architecture. The threshing floor is an interesting relic of its time.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. 231 13 Februarie 1970

RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID (S.W.A.)

PRYSE VAN PLAASKASEÏEN.—SUIDWES-AFRIKA

Ingevolge die bepalings van artikel 12 (3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (S.W.A.), 1962 (No. 29 van 1962), word hierby bekendgemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, ingestel kragtens artikel 2 van genoemde Ordonnansie, met goedkeuring van die Minister van Landbou, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel 10 (c) van genoemde Ordonnansie saamgelees met artikel 19 van die Wet op Aangeleenthede met Betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (No. 25 van 1969), die pryse van plaaskaseïen in Suidwes-Afrika met ingang van 1 Maart 1970, bepaal het soos in die Bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die pryse, afgekondig by Goewermentskennisgewing (S.W.A.) 30 van 15 Februarie 1966, wat hierby herroep word.

EFW/AT/26-1-1970

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (S.W.A.), 1962 (No. 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis.

2. Geen plaaskaseïenprodusent mag plaaskaseïen verkoop teen 'n ander prys as die onderstaande vasgestelde pryse nie:

Super Graad, 15 sent per lb.
Graad I, 12 sent per lb.
Graad II, 9 sent per lb.
Graad III, 6 sent per lb.
Graad IV, 3 sent per lb.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. 231 13 February 1970

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD (S.W.A.)

PRICES OF FARM CASEIN.—SOUTH-WEST AFRICA

In terms of the provisions of section 12 (3) of the Dairy Industry Control Ordinance (S.W.A.), 1962 (No. 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board, established in terms of section 2 of the said Ordinance, has, with the approval of the Minister of Agriculture, by virtue of the powers conferred by section 10 (c) of the said Ordinance read with section 19 of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (No. 25 of 1969), determined the prices of farm casein in South-West Africa with effect from 1 March 1970, as set out in the Schedule hereto, in substitution of the prices published by Government Notice (S.W.A.) 30 of 15 February 1966, which is hereby repealed.

EFW/AT/27-1-1970

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance (S.W.A.), 1962 (No. 29 of 1962), shall have the same meaning.

2. No farm casein producer shall sell farm casein at a price other than the following fixed prices:

Super Grade, 15 cents per lb.
Grade I, 12 cents per lb.
Grade II, 9 cents per lb.
Grade III 6 cents per lb.
Grade IV, 3 cents per lb.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 208 13 Februarie 1970

VERLENGING VAN PROSPEKTEERTOEKENNING M46/3/187

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 60 (1) (b) van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie 20 van 1968) van Suidwes-Afrika, prospekteertoekenning M46/3/187 ten gunste van Strathmore Diamonds (Pty) Ltd. vir 'n tydperk van twee jaar wat op 6 Maart 1972 eindig, verleng.

17/2/490

## DEPARTMENT OF MINES

No. 208 13 February 1970

EXTENSION OF PROSPECTING GRANT M46/3/187

The Minister of Mines has in terms of section 60 (1) (b) of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968) of South-West Africa, extended prospecting grant M46/3/187 in favour of Strathmore Diamonds (Pty) Ltd for a period of two years ending 6 March 1972.

17/2/490

## DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 216 13 Februarie 1970

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Oppermansdrift -staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 5 Januarie 1970, aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

| *Beskrywing van grond* | *Regte onteien of toegeëien* |
|---|---|
| Die plaas Goede Hoop No. 809, distrik Hoopstad, groot 944 morg 161 vk. roede, gehou kragtens Transportaktes 2557/31, 6083/54, 1130/57. | Serwituut van Oorstroming. |

13-20-27

No. 217 13 Februarie 1970

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Vaal-Gamagara -staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 27 September 1969, aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

| *Beskrywing van grond* | *Regte onteien of toegeëien* |
|---|---|
| Gedeelte 11 van die plaas Gekonsolideerde Carter Block 458, afdeling Hay, groot 1,870 morg 181 vk. roede gehou kragtens Grondbrief 11/53. | Serwituut van waterleiding. |

13-20-27

No. 240 13 Februarie 1970

VERORDENINGS

Hierby word bekendgemaak dat die Onder-Sekretaris van die Departement van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by Goewermentskennisgewing 3295 van 12 September 1969, die volgende verordenings wat ingevolge artikel 103 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) opgestel is, goedgekeur het ten opsigte van die

## DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 216 13 February 1970

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Oppermansdrift Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter, dated 5 January 1970, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

| *Description of land* | *Rights expropriated or appropriated* |
|---|---|
| The farm Goede Hoop No. 809, district Hoopstad, measuring 944 morgen 161 square roods, held by Deeds of Transfer 2557/31, 6083/54, 1130/57. | Servitude of Aque-Flooding. |

13-20-27

No. 217 13 February 1970

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Vaal-Gamagara Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter, dated 27 September 1969, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

| *Description of land* | *Rights expropriated or appropriated* |
|---|---|
| Portion 11 of the farm Consolidated Carter Block 458, division Hay, measuring 1,870 morgen 181 square roods, held by Crown Grant 11/53. | Servitude of Aqueduct. |

13-20-27

No. 240 13 February 1970

BY-LAWS

It is hereby notified that the Under-Secretary of the Department of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by Government Notice 3295 dated 12 September 1969, approved the following by-laws made in terms of section 103 of the Water Act, 1956 (Act 54 of

ondergenoemde besproeiingsrade vir die volgende besproeiingsdistrikte geproklameer by die proklamasies en op die datums wat teenoor elke raad verskyn:

| Besproeiingsraad | Proklamasie | Datum |
|---|---|---|
| Daspoort Estates | 336 | 24/12/1926 |
| Elandsvallei | 52 | 10/3/1967 |
| Egmont | 181 | 6/9/1935 |
| Glyklip | 297 | 11/11/1927 |
| Guernsey | 150 | 16/6/1950 |
| Hluhluwe | 323 | 9/9/1960 |
| Kafferrivier | 86 | 12/7/1918 |
| Mapochsgronden | 42 | 1/7/1954 |
| Noord Oranje | 108 | 12/5/1967 |
| Oukloof | 167 | 2/8/1929 |
| Pusela | 40 | 22/2/1929 |
| Rondavelskraal | 285 | 25/10/1963 |

1. In hierdie verordenings, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

"beamptes" werknemers van die betrokke besproeiingsraad;

"distrik" die betrokke besproeiingsdistrik soos ingestel by die ooreenkomstige Proklamasie;

"raad" die besproeiingsraad vir die betrokke besproeiingsdistrik;

"regulasies" die regulasies uitgevaardig ingevolge paragrawe (a) tot (j) van artikel *honderd-en-twee* van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956);

"Wet" die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).

2. *Verkiesing van Voorsitter en Vise-voorsitter Kragtens Artikel 86 van die Wet*

Die lede van die raad moet tydens die eerste raadsvergadering, belê deur die kiesbeampte, na die verkiesing van raadslede, op die wyse soos voorgeskryf deur die regulasies, soos gewysig, 'n voorsitter en vise-voorsitter van die raad kies.

3. *Prosedure op Vergaderings*

Die volgende prosedure moet by elke vergadering van die raad gevolg word:

(a) Alle besprekings word tot die voorsitter gerig.

(b) Lede mag nie langer as vyf minute oor een onderwerp praat sonder die toestemming van die voorsitter nie.

(c) Geen besluit van die raad betreffende 'n saak wat nie op die agenda, wat aan die kennisgewing van die vergadering geheg is, verskyn nie, word geneem nie tensy al die lede van die raad op die vergadering teenwoordig is.

(d) Die raad behandel nie 'n saak wat nie op die agenda vir die vergadering verskyn nie, tensy minstens twee derdes van die lede ten gunste daarvan is dat die saak op die vergadering behandel word.

(e) Indien enige lid verlang dat 'n saak op die agenda aangebring word, moet hy die sekretaris van die raad daarvan in kennis stel minstens 14 dae voor die datum van 'n vergadering van die raad wat ingevolge regulasie 24 van die regulasies gehou word.

(f) Alle sake voor die raad op enige vergadering word beslis deur 'n meerderheid van die stemme van die lede teenwoordig op die vergadering en in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter benewens sy beraadslagende stem as lid ook 'n beslissende stem.

(g) Die name van alle lede teenwoordig op elke vergadering asook die name van die lede wat oor elke saak stem, word aangeteken in 'n notuleboek wat die sekretaris van die raad vir daardie doel hou.

1956), in respect of the undermentioned irrigation boards for the following irrigation districts proclaimed by the proclamations and on the dates shown against each board:

| Irrigation Board | Proclamation | Date |
|---|---|---|
| Daspoort Estates | 336 | 24/12/1926 |
| Elandsvallei | 52 | 10/3/1967 |
| Egmont | 181 | 6/9/1935 |
| Glyklip | 297 | 11/11/1927 |
| Guernsey | 150 | 16/6/1950 |
| Hluhluwe | 323 | 9/9/1960 |
| Kaffer River | 86 | 12/7/1918 |
| Mapochsgronden | 42 | 1/7/1954 |
| North Orange | 108 | 12/5/1967 |
| Oukloof | 167 | 2/8/1929 |
| Pusela | 40 | 22/2/1929 |
| Rondavelskraal | 285 | 25/10/1963 |

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates—

"Act" means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956);

"board" means the irrigation board for the relevant irrigation district;

"district" means the relevant irrigation district as constituted by the corresponding Proclamation;

"officials" means employees of the relevant irrigation board;

"regulations" means the regulations made in terms of paragraphs (a) to (j) of section *one hundred and two* of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

2. *Election of Chairman and Vice-chairman in Terms of Section 86 of the Act*

The members of the board shall, at the first board meeting convened by the returning officer after the election of board members, elect a chairman and vice-chairman of the board as prescribed by the regulations as amended.

3. *Procedure at Meetings*

The following procedure shall be followed at every meeting of the board:

(a) All discussions shall be addressed to the chairman.

(b) Members may not speak on any one subject for more than five minutes without the approval of the chairman.

(c) A resolution of the board shall not be passed in respect of any subject which has not been included in the agenda attached to the notice of the meeting, unless every member of the board is present at the meeting.

(d) No subject which has not been included in the agenda of any meeting shall be considered by the board at that meeting unless at least two-thirds of the members are in favour of its being considered thereat.

(e) Any member desiring that a subject be included in the agenda shall lodge notice with the secretary of the board at least fourteen days before the date of a meeting of the board to be held in terms of regulation 24 of the regulations.

(f) All questions for the consideration of the board at any meeting shall be resolved by a majority of the votes of the members present at such meeting and in the case of an equality of votes, the chairman shall in addition to his deliberative vote as member, have a casting vote.

(g) The names of all members present, as well as the names of those voting on each question, at each meeting, shall be recorded in a minutes book to be kept by the secretary of the board for the purpose.

(h) Die raad sorg dat notule gehou word van alle aanstellings van beamptes en werknemers deur die raad, van die name van lede teenwoordig op elke vergadering van die raad en komitees van die raad, van alle besluite geneem deur die raad en komitees van die raad insluitende belastings of vorderings wat gehef word en van alle verrigtings van vergaderings van die raad en komitees van die raad en sodanige notule word onderteken deur die voorsitter van elke vergadering van sodanige raad of komitee tydens die volgende vergadering van die raad of komitee, nadat dit gelees en in orde gevind is.

(i) Verslae van beamptes van die raad word voorgelê en oorweeg.

(j) Sake deur vorige vergadering oorgelaat, word oorweeg.

(k) Komiteeverslae word oorweeg.

(l) Aansoeke en klagtes deur belastingbetalers en ander eienaars word oorweeg.

(m) Korrespondensie ontvang van die Departement van Waterwese word bespreek.

(n) Algemeen.

4. *Aanstelling van Komitees ingevolge Regulasie* 36

(a) Komitees aangestel ingevolge regulasie 36 van die regulasies sal uit minstens drie raadslede bestaan.

(b) Twee lede van 'n komitee vorm 'n kworum.

(c) Komitees moet verslae en aanbevelings skriftelik aan die raad voorlê.

(d) Lede van komitees kan minderheidsverslae skriftelik by die raad indien.

(e) Die voorsitter van die raad is ampshalwe lid van alle komitees.

5. *Bevoegdhede en Pligte van Beamptes van die Raad*

(a) Die penningmeester is aanspreeklik vir enige bedrag wat betaal is aan 'n persoon wat nie daarop geregtig is nie.

(b) Die penningmeester bewaar alle ongebruikte kwitansievorms, seëls, kontantgeld voorhande en alle boeke van kwitansiedeurslae veilig agter slot en grendel.

(c) Die penningmeester verseker dat volledige en voldoende kwitansies of bewyse verkry word ter stawing van elke betaling wat gedoen word, dat kwitansies of bewyse behoorlik geseël is volgens wetsvereistes en dat hulle in volgorde van betaling gebêre word.

(d) Die penningmeester is verantwoordelik vir die noukeurige ondersoek van alle eise ten einde te verseker dat hulle in orde is alvorens hulle betaal word, asook vir die akkuraatheid van alle berekenings en vir die versekering dat alle vorderings ingevolge 'n tarief of 'n kontrak ooreenkomstig sodanige tarief of kontrak is.

(e) (i) Ten einde die betaling van klein rekenings te vergemaklik, kan die raad die penningmeester magtig om 'n kleinkasrekening te open vir sodanige bedrag maar nie maar as twintig rand nie, as wat die raad voorskryf: Met dien verstande dat geen enkele betaling van meer as tien rand uit sodanige rekening gedoen word nie.

(ii) Onder spesiale omstandighede kan die raad met die vooraf verkreë goedkeuring van die Sekretaris van Waterwese en onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperking as wat hy oplê die penningmeester magtig om op 'n kontantvoorskot te werk en sodanige voorskot word maandeliks aangevul na die voorlegging van bewyse ter stawing van alle betalings gedurende die maand gedoen.

(f) Alle beamptes deur die raad aangestel is verantwoordelik aan die voorsitter en in afwesigheid van die voorsitter het die sekretaris van die raad beheer oor alle ander beamptes.

(h) The board shall cause minutes to be made of all appointments of officials and servants made by the board, of the names of the members present at each meeting of the board and committees of the board, of all resolutions taken by the board and committees of the board including rates or charges levied and of all proceedings of meetings of the board and of committees of the board and such minutes as aforesaid shall be signed by the chairman of each meeting of such board or committee at the following meeting of the board or committee after being read and found in order.

(i) Reports by officials of the board shall be tabled and considered.

(j) Matters left over from the previous meeting shall be considered.

(k) Reports by committees shall be considered.

(l) Applications and complaints by ratepayers and other owners shall be considered.

(m) Correspondence received from the Department of Water Affairs shall be discussed.

(n) General.

4. *Appointment of Committees in Terms of Regulation* 36

(a) Committees constituted in terms of regulation 36 of the regulations shall consist of at least three board members.

(b) Two members of a committee shall constitute a quorum.

